



Hoërskool Ben Viljoen

LAASTE UITGAWE

BULLETIN

29 NOVEMBER 2017

HOOGTEPUNTE VAN 2017

**151 ONDERSKEIDINGS
VIR 2016 MATRIEKGROEP**

**100% Slaagsyfer uit
1400 skole in Limpopo**

**Leon Joseph verwerf
9 onderskeidings**

**78% verwerf universiteitstoelating
NOMMER 1 IN LIMPOPO
OP GROND VAN UNIVERSITEITSTOELATING**

**35 Leerlinge verwerf
Limpopo Provinsiale kleure in
verskeie sportsoorte**
**Ses Mpumalanga Muurbalspelers
Drie Mpumalanga Skuts**

SPANNE IN LIMPOPO FINALE UITSPELE:

RUGBY : 4 SPANNE

NETBAL : 3 SPANNE

DOGTERSHOKKIE : 4 SPANNE



ATLETIEK INTERHOËR



Verwerf 'n vierde plek

Gedurende die Bosveld Interhoër verwerf Ben Viljoen se atlete 'n totaal van 50 medaljes. Ons atletiekspan in geheel verwerf 'n 4de plek, die dogterspan 'n 3de plek.

Die dogters 0/19 aflos span wen die afgelope 4 jaar hulle aflos!



Atlete na SA



Mikateko

Kampioenskappe

Abigail Roos verwerf 'n 5de plek in die Suid-Afrikaanse Atletiek kampioenskappe in 0/17 Gewigstoot.

Mikateko Mawela verwerf 'n 7de plek in die 100m hekkies tydens die Suid-Afrikaanse Skole Atletiek kampioenskappe.



Abigail

REDENAARS



Jessica Mtsweni & Kaylyn Kotze het aan die Suid-Afrikaanse Redenaarskompetisie deelgeneem. Jessica verwerf 'n vyfde plek (Vorbereide Toespraak addisionele taal). Kaylyn verwerf tiende plek (Vorbereide Toespraak eerste taal).


TONEEL

Ben Viljoen se toneelgroep is aangewys as die Interhoërweners vir 2017. Baie geluk aan hierdie groep leerlinge! Tharina Barnard is aangewys as die beste speler in 'n Hoofrol.



Anina Koekemoer is aangewys as die beste speler in 'n ondersteunende rol.

SWEM



2017 was voorwaar 'n heerlike swemseisoen vir ons swemspan, Jano Beukes, Conrad de Beer, Pieter de Beer, Anina Koekemoer en Eduan du Preez verwerf Limpopo kleure. Ons swemspan verwerf 'n 2de plek met 'n halfpunt agter HS Piet Potgieter tydens die Interhoër swemkompetisie. Hulle verwerf ook 'n 2de plek tydens die Top 10 skole swem en was kort op die hakke van Hoërskool Ben Vorster. Baie geluk aan al ons swemmers met 'n uitsonderlike seisoen!

SKIET



Drie van ons skuts neem deel aan die Suid-Afrikaanse luggeweer skietkompetisie. Baie geluk aan hierdie leerlinge wat baie goed presteer het tydens die kompetisies en baie hard gewerk het om hierdie hoogtes te kon bereik!

MUURBAL



Ons muurbalspelers het aan die Mpumalanga kompetisies deelgeneem hierdie jaar.

Drie van ons muurbalspelers verwerf Mpumalanga kleure en neem deel aan die IPT kompetisie in Bloemfontein.



Tennis 1ste dogters en 1ste seunsspan is Limpopowenners! Na 'n harde tennis seisoen wens ons graag hierdie twee spanne geluk met hulle harde werk en oorwinning!

TENNIS




Henia Potgieter is gekies om aan die Limpopo Junior Tennisuitdunne deel te neem, sy is huidig nummer 6 op die ranglys.





Die rugbyspanne het 'n baie harde seisoen agter die rug. Baie geluk aan die 1ste span, 0/16 span, 0/15 span sowel as die 0/14 span wat deurgedring het na die Limpopo uitspele en as naasweners uit die stryd getree het. Vincent Roos word opgeneem in die Limpopo Blou Bulle Cravenweek span, Bryan Jovner in die Akademie span, Gideon Visser ook in die Akademie span, Jody du Preez en Boikano Mabona in die 0/16 Grant Khomo span. Jody du Preez verwerf ook 7's rugby Limpopo kleure.





Die 0/14, 0/16 en 1ste netbal spanne het deurgedring na die Limpopo uitspele, baie geluk aan elke dogter wat haar beste gegee het tydens elke wedstryd, ons sien uit na 'n opwindende netbalseisoen volgende jaar!

Marlise Erasmus is opgeneem in die 0/15 Limpopo netbalspan en het aan die Suid-Afrikaanse Netbalkampioenskappe deelgeneem.



Sarel van Jaarsveld ontvang Nasionale Kleure vanaf "Mindsport" SA vir die rekenaarspeletjie "Counter Strike Go! Baie geluk Sarel!





Ben Viljoen se 0/15, 0/16, 2de en 1ste dogtershokkiespanne het hierdie jaar almal deurgedring na die Limpopo uitspele. Tydens die uitspele vorder al die spanne ook verder na die Noordvaal Uitspele. Die 2de span was onoorwonne tydens hulle hokkieseisoen, hulle teken 'n totaal van 41 doele aan met geen doele wat teen hulle aangeteken word nie.

Die 1ste span wen in baie harde wedstryde in die finaal teen Ben Vorster 6 - 0! Hierdie is verseker die sportspan van die jaar!!



Voor Lynette Mahlangu (0/15A), Jessica Alberts (0/18A), Milla Kleynhans (0/15A), Mikateko Mawela (0/18A)

Agter: Delani Swanepoel (0/16A), Mieke Faber (0/18A), Fanezi Mahlangu (0/18A), Denise Minnaar (0/18A)

**AGT HOKKIE DOGTERS VERWERF
HULLE LIMPOPO KLEURE**



N
E
G
E

Hokkie seuns - Limpopo kleure

George Mashiloane, Conrad Meiring, JG Greyling, Tshego Kgopane, Chafwa Zulu, Roelof Riphagen, Bob Kekana, Luthando Mthimunye & Rabi Maloba



EVANA DE KLERK

Evana de Klerk 'n matrikulant by Hoërskool Ben Viljoen word aangewys as die heel eerste Mej Matriek Suid-Afrika. Sy wen verskeie pryse gedurende hierdie kompetisie. Wat 'n voorbeeld is sy nie vir elke dogter in Hoërskool Ben Viljoen nie.

Dit is voorwaar 'n groot prestasie.

Baie geluk Evana!

LANDLOOP



Vier van ons landlooptlete is opgeneem in die Limpopospan wat deelgeneem het aan die Suid-Afrikaanse landloop kompetisie. Baie ure en harde werk is aan die dag gelê om tot op hierdie punte te kom, baie geluk aan elkeen van ons landlooptlete wat baie hard gewerk het hierdie jaar. Ons junior dogterspan behaal 'n 2de plek tydens die Landloop Interhoër.



Beide ons Junior en Senior sokkerspanne het uitsonderlike sokker gespeel die afgelope seisoen. Baie harde wedstryde is gespeel, maar is dit ook deur een en elk wat dit bygewoon het terdeë geniet! Baie dankie aan elkeen wat hierby betrokke was die afgelope seisoen!

KRIEKET



Die 1ste kriketspan was onoorwonne gedurende die liga, en word as naaswenners gekroon tydens die Limpopo uitspele. Die kriketseisoen het verseker gesorg vir baie hoogtepunte op die kriketveld. Baie geluk aan die 1ste kriketspan met hierdie goeie kriketseisoen.

KAU MAHLOMONYANE

Kau Mahlomonyane is 'n wetenskaplike in wording. Met sy uitvindsel wat die hergebruik van skottelgoedwater bevorder, dring hy deur tot die finaal van Eskom se kompetisie vir jong wetenskaplikes. Hier verower hy 'n silwer sertifikaat en wen 'n beurs van Siemens. Ons hou duimvas vir Kau wat moontlik in 2018 sy uitvindsel na Amerika sal neem waar hy gaan meeding aan die wêreldwye kompetisie.



Boodskap vanaf Mnr Swaters

Meer as ooit word ons karakter getoets in ons hedendaagse situasies elke dag van ons lewe.

Mense met goeie karakter het die natuurlike geneigdheid om die regte ding te doen – selfs al weet niemand anders daarvan nie.

Dit praat namens jou en sê wie jy werklik is sonder dat jy 'n woord daarvoor spreek.

Mag ons in hierdie Kerstyd leef volgens die woorde van 1 Kor 15:58 “Daarom liewe broers, wees standvastig, onwankelbaar, altyd oorvloedig in die werk van die Here, omdat julle weet dat julle inspanning in diens van die Here nie tevergeefs sal wees nie”.

Namens almal by Hoërskool Ben Viljoen wens ek elke Ben Viljoen leerling en ouers 'n baie geseënde Kerstyd toe en mag u in hierdie Kerstyd opnuut herinner word aan die grootste Geskenk wat elkeen van ons uit Genade ontvang het.

SKOLE HEROPEN OP WOENSDAG

17 JANUARIE 2018

GENIET DIE KERSTYD SAAM MET

JOU FAMILIE!